NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Storiebundel

## AFRIKAANS
HUISTAAL

GRAAD 2

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Storiebundel

GRAAD 2 | KWARTAAL 3

## AFRIKAANS

NHLRP National Home Language Reading Programme

**Copyright © 2026 National Educational Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license may be available. For further information, please contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

**First edition, 2026**

NHLRP | National Home Language Reading Programme



# KWARTAAL 3



# KAART VAN SUID-AFRIKA




Limpopo
Die wintervakansie
Musa Motha: 'n Spesiale danser
Munene kry hulp
Mpumalanga
Gauteng
Noordwes
Vrystaat
KwaZulu- Natal
Jabu roer eiers
Chuck, die lorrie
Oos-Kaap
Indiese Oseaan

# WÊRELDKAART




Asië
Europa
Afrika
Stille Oseaan
Indiese Oseaan
Australië
Antarktika

# KWARTAAL 3 VERHALE






Chuck, die lorrie 1



Die wintervakansie 13



Jabu roer eiers 25




Lee-Ann se maklike wiskundetoets 33



Superster Lloyd 47



Musa Motha: ’n Spesiale danser 61



Dolfyne tot die redding 75



Munene kry hulp 91

VERHAAL 1

# CHUCK, DIE LORRIE

Tema: Ons voel jaloers





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af op ’n onbepaalde plek.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat almal unieke sterkpunte het en dat dit jou kan keer om te sien wat jou spesiaal maak as jy jouself met ander vergelyk.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Verskillende voertuie word vir verskillende take ontwerp. Byvoorbeeld, ’n bus vervoer mense, ’n boot vaar op water, en ’n kantelbakvragmotor vervoer swaar vragte.
- Soms vergelyk ons onsself met ander. Ons kyk soms na wat ander mense besit of wat hulle kan doen en wens dan dat ons dieselfde was. Dit kan ons ongelukkig oor onsself laat voel.
- Elkeen het verskillende sterk punte. Verskillende mense is goed met verskillende dinge. Een persoon kan vinnig hardloop, terwyl ’n ander goed is met teken of om ander te help.
- Soms kan probleme nie op die gewone manier opgelos word nie en dan moet mense aan ’n slim oplossing dink.



## Begripstrategie: Monitor begrip


- Wat is dit: Om jou eie begrip te kontroleer terwyl jy lees en te stop as iets nie duidelik is nie.
- Waarom ons dit gebruik: Om te besef as jy iets nie verstaan nie en dit reg te stel.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en bevorder begrip deur misverstande dadelik aan te spreek.



Om hierdie strategie te gebruik:


| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 4,1 | Chuck sien ’n vinnige blou trein wat verbysnel. “Ek wens ek was so vinnig soos ’n trein,” dink Chuck. Chuck sien ’n groot oranje bus wat verbyry. “Ek wens ek was so groot soos ’n bus,” dink Chuck. | Kom ek stop en dink … Kom ek kyk of ek verstaan: Ek verstaan dat Chuck nie gelukkig is met homself nie en dink dat al die ander voertuie, op verskillende maniere, beter is as hy. |
| 8,1 | Chuck staan by die rivier en voel hartseer. “Al die ander is vinniger of groter of meer spoggerig as ek!” dink Chuck hartseer. “Ek is so klein. Ek is so stadig. Ek is met niks goed nie!” dink hy. | Kom ek stop en dink … Kom ek kyk of ek verstaan: Ek verstaan dat Chuck wat homself met ander vergelyk, hom ongelukkig maak. Ek dink dit skep ’n probleem in die verhaal. |

Chuck was ’n klein geel wiplorrie. Eendag, met ’n vrag vol stene, ry Chuck op die groot pad.




Chuck sien ’n vinnige blou trein wat verbysnel. Ek wens ek was so vinnig soos ’n trein, dink Chuck.

Chuck sien ’n groot oranje bus wat verbyry. Ek wens ek was so groot soos ’n bus, dink Chuck.




Chuck sien ’n groot blink wit vliegtuig wat hoog in die lug vlieg. Ek wens ek was so blink soos ’n vliegtuig, dink Chuck.


Chuck sien ’n pragtige rooi lorrie op die pad. O, ek wens ek was so pragtig soos daardie rooi lorrie, dink Chuck.




Chuck sien ’n heldergroen seilboot wat vinnig in die rivier afseil. Ek wens ek was so ’n helder kleur soos daardie groen boot, dink Chuck.



Chuck sien 'n spoggerige, nuwe rooi sportmotor. Ek wens ek was so spoggerig soos daardie nuwe sportmotor, dink Chuck.



Chuck staan by die rivier en voel hartseer. Al die ander is vinniger of groter of meer spoggerig as ek, dink Chuck hartseer. Ek is so klein. Ek is so stadig. Ek is met niks goed nie, dink hy.



Skielik sien Chuck hoe ’n seuntjie in die rivier val.

“Help! Help!” skree die seuntjie. “Iemand, help my, asseblief! Wie kan my help?”

“Ek kan nie,” sê die trein. “Ek ry te vinnig om te stop.”

“Ek kan nie,” sê die bus. “Ek mag net by bushaltes stop.”

“Ons kan nie,” sê die lorrie en die sportmotor. “Ons kan nie in die water ingaan nie.”

“Ek kan nie,” sê die vliegtuig. “Ek is te hoog.”

“Ek kan nie,” sê die seilboot. “Die wind waai te sterk om om te draai.”



Chuck kan nie in die water ingaan nie, maar Chuck is slim en hy het ’n blink plan!

“Ek sal jou help!” sê klein Chuck. Hy kantel die bak om sy vrag stene te laat afgly. Toe laat sak hy die wipbak in die water sodat die seuntjie uit die water kan klim. “Dankie!” skree die seuntjie. “Ek is veilig!”



“Dankie, dapper geel lorrie!” sê die seuntjie.

Chuck ry huis toe nadat hy die seuntjie gered het. Ek mag dalk nie so groot of so vinnig of so pragtig wees nie, dink Chuck, maar ek is ook belangrik! Ek hou van myself net soos ek is.





Lees 1

**Wat is Chuck?**
Chuck is 'n klein geel wiplorrie.

**Wat wil Chuck graag wees?**
- 'n Vinnige trein
- 'n Groot bus
- 'n Blink vliegtuig
- 'n Pragtige lorrie
- 'n Helder boot
- 'n Nuwe, spoggerige sportmotor

**Hoekom het Chuck by die rivier gestaan en vir homself jammer gevoel?**
- Omdat hy gewens het hy is groot.
- Omdat hy gewens het hy is vinnig.
- Omdat hy gewens het hy blink.
- Omdat hy gewens het hy het helder kleure.
- Omdat hy gewens het hy kan vlieg.
- Omdat hy gewens het hy kan in die water ingaan.
- Omdat hy gewens het hy was soos die ander vervoermiddels wat hy gesien het.



Lees 2

**Vir wie het Chuck gered?**
Hy het 'n seuntjie wat in die rivier geval het, gered.

**Wat het die seuntjie vir Chuck gesê nadat hy hom gered het?**
Hy het "Dankie, dapper geel lorrie" gesê.

**Hoekom besluit Chuck aan die einde van die storie dat hy belangrik is?**
- Omdat hy 'n blink plan gehad het.
- Omdat hy iets kon doen wat niemand anders kon doen nie.
- Omdat hy die enigste een was wat die seuntjie kon red.
- Omdat hy goed gevoel het oor wat hy gedoen het.
- Omdat hy besef het dat hy op sy eie manier ook spesiaal is.

VERHAAL 2

# DIE WINTERVAKANSIE

Tema: Ons voel jaloers






### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat afgunstigheid op ander mense se ervarings ons die spesiale oomblikke in ons eie lewens kan laat miskyk.



### ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Wanneer kinders na die vakansie teruggaan skool toe, vertel hulle dikwels aan hulle maats wat hulle tydens die vakansie gedoen het of waarheen hulle gegaan het.
- Verskillende gesinne bring hulle vakansies op verskillende maniere deur. Sommige mense reis na nuwe plekke, terwyl ander weer by die huis bly en tyd saam met familie deurbring.
- Soms vergelyk mense hulle eie ervarings met die van ander. Soms hoor ons van iets opwindends wat met iemand anders gebeur het en dan wens ons dat dit met ons gebeur het.
- Om tyd saam met familie deur te bring kan spesiaal wees, selfs al reis jy nie. Jy hoef nie te reis om ’n lekker vakansie te hê nie. Om tyd saam met die mense waarvoor jy lief is deur te bring, skep gelukkige herinneringe.



### Begripstrategie: Maak verbindings


- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 17,4 | “Sjoe!” sê Zweli. “Ek wil ook gaan.” | Sjoe, daardie watervalle lyk ongelooflik! Ek kan ’n verbinding met Zweli maak. My beste maat was op safari. Sy het al die foto’s van haar reis vir my gewys. Toe ek die foto’s sien, het dit my ook lus gemaak om te reis. |
| 20,2 | “Mnr. Fortuin het by die huis gebly, net soos ek!” dink Zweli. | Zweli maak ’n verbininding met Mnr. Fortuin. Hy voel beter omdat hy en en Mnr. Fortuin dieselfde dinge gedurende die vakansie gedoen het. |

Môre sal dit die eerste dag, na die wintervakansie, terug by die skool wees. Zweli poets sy skoene. Hy pak sy skooltas. Zweli kan nie wag vir die volgende dag nie.



Daardie oggend hardloop Zweli skool toe.

Toe hy daar kom, sien hy vir Simone op die swaaie.

“Hi, Zweli! Waar was jy die vakansie?” vra sy vir hom.

“Ek was die heeltyd by die huis,” sê Zweli. “Waar was jy?”

“Ek het vir my tannie in Maputo gaan kuier,” sê sy. “Was jy al ooit daar?”

“Nee,” sê Zweli. “Hoe is dit daar?”

“Daar is baie hoë geboue,” sê sy. “Die strand is baie naby! Ek het selfs die see gesien!”

“Sjoe!” sê Zweli. “Ek wil ook gaan.”



Toe kom Thomas na die swaaie toe aangehardloop. “Hallo julle!” sê hy.

“Waar was jy die vakansie?” vra Zweli.

“Ek was Zimbabwe toe,” sê Thomas. “Ek het vir my ouma gaan kuier. Ons het ver met die bus gery. Ons het na die groot waterval gaan kyk,” sê hy. “Dit word die Victoria-waterval genoem!”


“Sjoe!” sê Zweli.

“Ek wil ook gaan.”



Uiteindelik kom Ayanda na die swaaie toe. Sy dra ’n nuwe rugsak. “Kyk, ek het hierdie nuwe sak in Johannesburg gekoop,” sê sy. “Daar is so baie winkels!” sê sy. “Daar is groot winkelsentrums!”

“Sjoe!” sê Zweli. “Ek wil ook gaan.”



Zweli voel nie meer so bly om terug by die skool te wees nie. Ek wens ek kon ook iewers heen gaan, dink Zweli. Al wat ek gedoen het, was om by die huis te bly.

Die klok lui. Dit is tyd vir Kreatiewe Skryfwerk. “Vandag gaan ons skryf oor wat ons gedurende die vakansie gedoen het!” sê mnr. Fortuin

Zweli is ontsteld. Waaroor kan ek skryf? Ek wil nie hê iemand moet my vervelige skryfwerk sien nie, dink hy.



Mnr. Fortuin wys die leerders wat om te doen. Hy teken homself op die bord. Hy vertel die leerders van sy vakansie. “Ek het by die huis gebly en baie boeke gelees,” sê mnr. Fortuin “Ek het nuwe tamaties in my tuin geplant. Ek het tyd saam met my familie deurgebring,” sê hy.

Mnr. Fortuin het by die huis gebly, net soos ek, dink Zweli.



Toe sê mnr. Fortuin die leerders moet dink oor hul vakansie. Zweli maak sy oë toe. Hy dink hoe hy by sy ma gesit en lees het. Hy dink hoe hy ure saam met sy klein sussie geteken het. Hy dink aan die dag toe sy ouer broer huis toe gekom het en saam met hom sokker gespeel het.



Aan die einde van hul skryfles vra mnr. Fortuin wie hul storie met die klas wil deel. Zweli se hand is eerste in die lug.





Lees 1

**Waarheen het Simone vir die wintervakansie gegaan?**
Sy het Mosambiek toe gegaan.

**Waarheen het Thomas vir die wintervakansie gegaan?**
Hy het Zimbabwe toe gegaan. Hy het na die Victoria-waterval gegaan.

**Waarheen het Ayanda vir die wintervakansie gegaan?**
Sy het Johannesburg toe gegaan.

**Kan jy ’n verband sien? Hoe sal jy voel as al jou vriende na opwindende plekke gaan vir die vakansie?**
- Ek dink ek sal … voel.
- As my vriende weggegaan het, sou ek … gevoel het.



Lees 2

**Waarheen wou Zweli gaan?**
Hy wou na al die plekke waar sy vriende was gaan. Hy wou Mosambiek, Zimbabwe en Johannesburg toe gaan.

**Wat het mnr. Fortuin gedurende sy vakansie gedoen?**
Hy het tuis gebly. Hy het tamaties in sy tuin geplant. Hy het baie boeke gelees. Hy het tyd saam met sy familie deurgebring

**Hoe het Zweli gevoel toe hy uitvind mnr. Fortuin het ook by die huis gebly?**
Hy het beter gevoel. Hy het nie meer so sleg gevoel dat hy by die huis gebly het nie.

**Kan jy ’n verband sien? Zweli voel jaloers oor al die nuwe goed wat sy vriende gedoen het. Kan jy dink aan ’n keer toe jy jaloers gevoel het?**
- Ek het jaloers gevoel, soos Zweli, toe …
- Dit herinner my aan …



VERHAAL 3

# JABU ROER EIERS



## Tema: Ons maak foute



### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan hoe afleidings tot foute kan lei en hoekom dit belangrik is om gefokus te bly wanneer ons ’n verantwoordelikheid het.



### ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Soms is dit moeilik om gefokus te bly terwyl iets prettigs gebeur. Mense se aandag kan afgelei word wanneer hulle iets opwindends sien of hoor, selfs wanneer hulle probeer om ’n belangrike opdrag uit te voer.
- Daar is altyd gevolge vir die besluite wat ons neem. Soms kan ’n ongeluk gebeur as ons nie versigtig is nie.
- Ons almal maak soms foute. Soms maak ons selfs foute as ons probeer om die regte ding te doen.
- Hierdie verhaal moedig ons aan om na te dink oor ons foute, sodat ons dit nie weer doen nie. Jabu se ma, sowel as die winkeleienaar het hom gewaarsku om versigtig te wees. Dit kan beteken dat hy reeds in die verlede onnodige foute gemaak het.



### Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op ’n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 28,2 | "Dankie! Dra die eiers versigtig sodat dit nie breek nie," het die winkeleienaar gesê. "Moenie bekommerd wees nie, mnr. Gumede, ek is altyd versigtig," het Jabu geantwoord toe hy uit die winkel stap. | Kom ek stop en evalueer Jabu se karakter: Ek dink Jabu moet gereeld goed breek, want almal herinner hom daaraan om versigtig te wees. Ek maak die evaluasie dat hy dalk nie 'n baie versigtige persoon is nie. |
| 30,1 | "Wel, miskien net een skop! Mamma sal nooit weet nie!" het Jabu gedink toe hy na sy vriende toe hardloop. Hy het probeer om versigtig te hardloop. Hy wou nie die eiers breek nie! | Kom ek stop en evalueer Jabu se karakter: Ek kan die evaluasie maak dat hy nie baie versigtig is nie. Almal in die verhaal het hom herinner om versigtig te wees … maar nou hardloop hy met die eiers! Dit is nie 'n sorgsame ding om te doen nie! |

Jabu se ma was besig om aandete voor te berei.

“Ek gaan saam met my vriende sokker speel!” het Jabu gesê toe hy by die deur uit hardloop.

“Wag!” het Jabu se ma geroep. “Gaan asseblief winkel toe en koop ’n dosyn eiers en ’n bottel melk,” het sy gesê en vir hom ’n inkopielys en geld gegee.

Jabu wou nie winkel toe gaan nie, maar hy het geglimlag en gesê, “Goed, Mamma!”

“Baie dankie! Wees asseblief versigtig om nie die eiers te breek nie,” het sy ma hom gewaarsku.


“Moenie bekommerd wees nie, Mamma, ek is altyd versigtig,” het Jabu geantwoord toe hy by die deur uitstap.



Jabu het winkel toe gestap. Toe hy daar kom, het hy sy ma se inkopielys gelees en die eiers en melk gaan haal. Daarna het hy na die kasregister gegaan om te betaal. Hy het sy geld vir die winkeleienaar gegee.

“Dankie! Dra die eiers versigtig sodat dit nie breek nie,” het die winkeleienaar gesê.

“Moenie bekommerd wees nie, mnr. Gumede, ek is altyd versigtig,” het Jabu geantwoord toe hy uit die winkel stap.




Jabu het versigtig huis toe begin loop. Hy wou nie die eiers breek nie!

Toe hoor Jabu sy vriende. Hy het gehoor hoe hulle lag en die bal skop.

Sodra ek die eiers en die melk vir my ma by die huis gegee het, sal ek terugkom en kom speel, het Jabu gedink.

Jabu het aangehou om versigtig huis toe te stap. Hy wou nie die eiers breek nie!

Toe het Jabu gehoor hoe sy vriend, Gys, sy naam roep: “Jabu kom speel! Ons het jou nodig!” het Gys geroep.




Wel, miskien net een skop! Mamma sal nooit weet nie, het Jabu gedink toe hy na sy vriende toe hardloop. Hy het probeer om versigtig te hardloop. Hy wou nie die eiers breek nie!



Toe Jabu na sy vriende toe hardloop, het hy oor ’n klip in die paadjie gestruikel en geval. Die karton eiers het op die grond geval. Daar was oral gekraakte eiers. Jabu was met slymerige eiers bedek!

“Agge nee!” het Jabu droewig gesê. “Wat gaan ek vir my ma sê?” “Sê net vir haar jy het roereiers gemaak!” het Gys ’n grappie gemaak. Gys en Jabu het gelag en gelag.





Lees 1

**Wat moes Jabu by die winkel koop?**
Hy moes eiers en melk koop.

**Wie het Jabu geroep om sokker te kom speel?**
Sy vriend, Gys, het hom geroep om te kom speel.

**Hoekom het Jabu besluit om sokker te speel?**
- Omdat sy vriend, Gys, hom geroep het om te kom speel.
- Hy het gedink hy kan sokker speel sonder om die eiers te breek.
- Hy het gedink hy gaan net een skop gee.
- Hy het gedink sy ma sal nooit uitvind nie!



Lees 2

**Hoe dink jy gaan Jabu se ma voel wanneer hy by die huis aankom?**
Ek dink sy sal ... voel ..., want ...

**Hoe dink jy het Jabu gevoel toe hy die eiers laat val het? Hoekom?**
Ek dink hy het ... gevoel, want ...

**Dink jy Jabu is 'n versigtige mens? Verduidelik jou antwoord!**
- Nee, ek dink nie hy is 'n versigtige mens nie, want sy ma en die winkeleienaar het hom gewaarsku om versigtig te wees. As hulle gedink het hy sou versigtig wees, sou hulle hom nie daaraan herinner het nie.
- Nee, ek dink nie hy is 'n versigtige mens nie, want hy het besluit om sokker te speel terwyl hy nog die eiers by hom gehad het!
- Ek dink nie hy is 'n versigtige mens nie, want hy het na sy vriende toe gehardloop terwyl hy nog die eiers by hom gehad het!
- As Jabu 'n versigtige mens was, sou hy eers die eiers huis toe geneem het, voordat hy sokker gaan speel het.

VERHAAL 4

# LEE-ANN SE MAKLIKE WISKUNDETOETS




## Tema: Ons maak foute



### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat selfvertroue sonder oefening tot foute kan lei, en dat leer deur moeite en volharding kom.



### ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Wiskundevaardighede is iets wat ons moet oefen as ons wil verbeter. As ons wil verbeter met wiskunde moet ons gereeld oefen. Om te oefen help ons om te onthou en nuwe vaardighede te verstaan.
- Onderwysers gee huiswerk om leerders te help om te leer. Huiswerk word gegee sodat die leerders kan oefen wat hulle in die klas geleer het.
- Toetse word gebruik om te kontroleer wat die leerders kan doen en wat hulle nie verstaan nie. ’n Toets help die onderwyser om te sien wat die leerders weet en wat hulle nog moet leer.
- Om te selfversekerd te wees kan tot probleme lei. Wanneer ons dink dat iets maklik is, oefen of berei ons dalk nie genoeg voor nie, en dan kan ons foute maak wanneer ons getoets word.



### Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 36,1 | Terwyl die ander leerders in Lee-Ann se klas die vrae in hul boeke geskryf het, het Lee-Ann gekrabbel. | Ek kan aflei dat Lee-Ann dink dat sy so goed is met wiskunde dat sy nie nodig het om hard te probeer of om in die klas op te let nie. |
| 43,1 | Nadat mev. Williams die toets uitgedeel het, het Lee-Ann se klasmaats vinnig deur die vrae gewerk, maar Lee-Ann het stadig geskryf. Sy het begin sweet. “Hierdie toets is moeilik! Hierdie toets is onregverdig!” het sy gedink. | Ek kan aflei dat Lee-Ann nie genoeg geoefen het nie en daarom voel die toets vir haar moeilik. |

Lee-Ann het altyd goed gedoen in wiskunde. Sy het aanhoudend getel. Sy kon syfers in haar kop bymekaartel. Sy het gedink dat wiskunde maklik is.

Toe mev. Williams vir hulle aftrekking geleer het, het Lee-Ann gedink dat dit maklik is.



Mev. Williams het ’n paar vrae op die bord geskryf. Sy het die leerders opdrag gegee om dit in hul boeke af te skryf. Terwyl die ander leerders in Lee-Ann se klas die vrae in hul boeke geskryf het, het Lee-Ann gekrabbel.

Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie te oefen nie, het sy gedink.



Toe mev. Williams saam met die klas deur die vrae gaan, het Lee-Ann by die venster uitgekyk. Sy het gedink aan al die dinge wat sy buite wil doen.

Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie te oefen nie, het sy gedink.



“Gaan deur jul foute en maak seker julle weet waar julle verkeerd gegaan het!” het mev. Williams vir die klas gesê. Terwyl Lee-Ann se klasmaats deur hul foute gegaan het, het sy toilet toe gegaan.

Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek maak nooit foute nie, het sy gedink.



Mev. Williams het werkvelle uitgedeel. “Doen hierdie vrae vir huiswerk! Ons leer deur baie te oefen!” het mev. Williams vir die klas gesê. Lee-Ann het die werkvel in haar skooltas gedruk.

Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek het nie huiswerk nodig nie, het sy gedink.



Daardie aand terwyl Lee-Ann se klasmaats hard aan hul aftreksomme gewerk het, het Lee-Ann televisie gekyk.

“Het jy enige huiswerk?” het Lee-Ann se pa gevra.

“Nee,” het sy gejok.

Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie die huiswerk te doen nie, het sy gedink.



Die volgende dag het mev. Williams die huiswerk ingeneem. “Lee-Ann, waar is jou huiswerk?” het sy gevra.

“Ek het dit by die huis vergeet,” het Lee-Ann gejok. “Maar moenie bekommerd wees nie, ek is goed in wiskunde!” het Lee-Ann gesê.

“Lee-Ann, almal moet wiskunde oefen! Enigiemand kan goed wees in wiskunde as hulle hard werk,” het mev. Williams gesê.

Maar Lee-Ann het nie geluister nie. Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie hard te werk nie, het sy gedink.

’n Paar dae later het mev. Williams aangekondig dat daar die volgende dag ’n klastoets gaan wees. Lee-Ann het nie senuweeagtig gevoel nie.

Ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek kan enige toets deurkom, het sy gedink.



Daardie aand, terwyl Lee-Ann se klasmaats aftrekking leer, het Lee-Ann televisie gekyk.

“Het jy nie môre ’n toets nie?” het Lee-Ann se pa gevra. “Jy moet leer!”

“Ek het al geleer,” het sy gejok.

“Buitendien, ek is goed in wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek het nie eens nodig om te leer nie!” het sy gesê.



Nadat mev. Williams die toets uitgedeel het, het Lee-Ann se klasmaats vinnig deur die vrae gewerk, maar Lee-Ann het stadig geskryf. Sy het begin sweet.

Hierdie toets is moeilik! Hierdie toets is onregverdig, het sy gedink.

Toe mev. Williams aankondig dat die tyd verstreke was, het Lee-Ann nog net deur die helfte van die vrae gewerk.





Toe mev. Williams die volgende dag die toetse teruggee, het Lee-Ann gedruip.

Na skool, toe al Lee-Ann se klasmaats reeds die klaskamer verlaat het, het sy na mev. Williams toe gegaan. “Ek het ’n fout gemaak, Juffrou,” het sy erken. “Ek het gedink dat ek goed in wiskunde is. Ek het gedink dat wiskunde maklik is. Ek het nie geoefen nie en ek het nie geleer nie,” het sy gehuil.

Mev. Williams het ernstig na Lee-Ann gekyk. “Ons kan net kenners wees in iets as ons oefen,” het sy gesê. “Jy was nog altyd goed in wiskunde omdat jy jou huiswerk gedoen het en geleer het.”

“Ek belowe om hard te werk in wiskunde,” het Lee-Ann gesê.

Na daardie dag het Lee-Ann haar houding verander. “Ek is goed in wiskunde en wiskunde is maklik as ek leer!” het sy gesê.



Lees 1

**Wat het Lee-Ann gedoen terwyl haar klasmaats die wiskundevrae afgeskryf het?**
Lee-Ann het gekrabbel.

**Wat het Lee-Ann gedoen terwyl haar klasmaats hul aftreksomme vir huiswerk gedoen het?**
Lee-Ann het televisie gekyk.

**Hoekom het Lee-Ann haar wiskundetoets gedruip?**
- Omdat sy nie geleer het nie.
- Omdat sy gedink het wiskunde is maklik.
- Omdat sy nie haar vrae in die klas voltooi het nie en ook nie haar huiswerk gedoen het nie.
- Omdat sy gedink het sy is goed in wiskunde en sy hoef nie te leer nie.
- Sy kon nie die vrae in die bepaalde tyd antwoord nie.
- Sy het nie haar somme geoefen nie, so sy kon nie haar wiskunde vinnig genoeg doen om te slaag nie..



Lees 2

**Watter fout het Lee-Ann gemaak?**
- Sy het nie haar wiskunde geoefen of vir haar toets geleer nie. Dit was 'n fout!
- Sy het haar toets gedruip. Dit was 'n groot fout!

**Wat het Lee-Ann geleer?**
Sy het geleer dat sy goed sal wees in wiskunde en wiskunde sal maklik wees as sy oefen en leer!

**Hoekom het Lee-Ann gedink sy hoef nie haar wiskunde te oefen nie?**
- Omdat sy gedink het sy is goed in wiskunde.
- Omdat sy gedink het wiskunde is maklik.
- Omdat sy gedink het sy kan nie foute maak nie.
- Omdat sy gedink het dat, as jy goed is in iets, jy nie hoef te oefen nie.
- Omdat sy nie besef het dat harde werk en oefening nodig is om goed te wees in iets nie.
- Sy het die fout gemaak om te dink dat, as jy goed is in iets, jy nie hard hoef te werk nie.

VERHAAL 5

# SUPERSTER LLOYD

Tema: Ons dans





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Ghana.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan hoe dit tot sukses kan lei as jy jou passie volg, en hoe talentvolle mense ander kan help om hul drome te verwesenlik.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Om te dans is nie net vir pret nie – dit is ook ’n kunsvorm. Mense gebruik danse om gevoelens uit te beeld, stories te vertel en ander mense te vermaak. Dit kan op die verhoog opgevoer word of in ’n video.
- Sommige mense glo dat sekere aktiwiteite belangriker is as ander. Soms dink mense byvoorbeeld dat wiskunde of wetenskap belangriker is as dans of ander vorme van kuns.
- Sosiale media word gebruik om prentjies en video’s met baie ander mense te deel. Platforms, soos Instagram, laat mense toe om video’s en prentjies met ander van regoor die wêreld heen te deel.
- As iets baie gewild raak op sosiale media beteken dit dat baie mense na die video, foto of artikel kyk en dat dit baie vinnig versprei word.



## Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op ’n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 50,4 | Laud het die druk gevoel om op te hou dans, maar hy het geweet hy sal nie gelukkig wees as hy ophou dans nie. Hy het besluit om dit sy lewenstaak te maak om mense se gevoel oor dans te verander. | Kom ek stop en evalueer Laud se karakter: Ek dink dat Laud vasberade en selfversekerd is, omdat hy nie opgee op wat hy liefhet nie, selfs wanneer ander hom ontmoedig. |
| 53, 1 | Tog het hy besef hy wil nie net dans nie – hy wil ander jong dansers help om ook hul drome waar te maak. | Kom ek stop en evalueer Laud se karakter: Ek dink dat Laud vrygewig is en omgee, omdat hy sy sukses gebruik om ander jong dansers te ondersteun. |

Om te dans het altyd vir Laud Konadu gelukkig gemaak. Hy het gedans as hy skool toe loop. Sy voete het gedans terwyl hy by sy bank by die skool sit. Hy het selfs gedans terwyl hy na die sokkerveld hardloop.

Elke keer as Laud dans, kon hy nie help om te glimlag nie.



Toe Laud jonk was, het mense hom afgeraai om te dans. “Laud – mense sal dink jy is laf as jy die heeltyd dans,” het sy familie gesê.

“Laud – dans word nie gerespekteer nie! Jy moet iets anders kies om te doen!” het sy onderwysers gesê.

“Laud – sokker is belangriker as dans!” het sy vriende gesê. Laud het die druk gevoel om op te hou dans, maar hy het geweet hy sal nie gelukkig wees as hy ophou dans nie. Hy het besluit om dit sy lewenstaak te maak om mense se houding teenoor dans te verander.



Laud het besluit om 'n dansroetine saam te stel. Hy het ure op sosiale media deurgebring en na danse regoor die Afrika-kontinent gekyk om sy eie dans saam te stel. Toe het hy 'n vriend gevra om hom met sy foon af te neem terwyl hy dans. Uiteindelik het hy sy eie video op Instagram gelaai.



Laud se video het baie gewild op sosiale media geraak. Duisende mense, regoor die wêreld, het gekyk hoe Laud dans.

“Ongelooflik!” was een persoon se kommentaar.


“Jy is ’n ster!” het ’n ander persoon geskryf.

“Hierdie video het my bly gemaak!” het ’n derde persoon gesê.

Van daardie dag af was Laud bekend as die “Dansende Superster Lloyd”.



Dansende Superster Lloyd het al die aandag geniet wat hy op sosiale media van sy dansvideo's gekry het. Tog het hy besef hy wil nie net dans nie – hy wil ander jong dansers help om ook hul drome waar te maak. Dansende Superster Lloyd het begin om klasse op sosiale media te laai om sy kykers te leer hoe om sy passies uit te voer.



Op ’n dag het Dansende Superster Lloyd by twee van sy beste vriende gaan sit.

“Toe ek begin dans het, wou ek net op groot verhoë optree, maar nou wil ek net graag ander jong Ghanese inspireer,” sê hy.

Saam het hulle ’n dansskool geopen. Hulle het die dansskool “Dance with a Purpose Academy” genoem en dit as DWP afgekort.



Dansende Superster Lloyd en sy vriende wou seker maak dat enige jong, talentvolle danser by DWP kon aansluit.

Hulle het dus besluit om die koste te dra vir enige danser met genoeg talent om by die skool aanvaar te word.




Op ’n dag het Dansende Superster Lloyd na video’s op Instagram gekyk, nadat hy self ’n nuwe dansles opgelaai het. Hy het ’n video raakgesien van ’n jong seun met die naam Hubert. Hubert het al die dansbewegings van die dansles met kreatiwiteit en styl uitgevoer. Laud het besluit dat Hubert ’n perfekte kandidaat was vir DWP.

Toe Dansende Superster Lloyd vir Hubert ontmoet het hulle gesit en gesels. Laud het uitgevind dat Hubert net tien jaar oud was. Hy het albei sy ouers verloor toe hy baie klein was. Dansende Superster Lloyd het ’n plan gemaak om Hubert na Accra te laat trek sodat hy by DWP kon dans. Hy het gereël vir ’n skool, kos en verblyf vir Hubert.



"Dit is my droom," het Dansende Superster Lloyd sy vriende vertel, "om te help bou aan 'n generasie van uitmuntende dansers – dit maak nie saak hoe min geld hulle het nie."



Dansende Superster Lloyd het begin om gratis werkswinkels vir jongmense regoor Ghana aan te bied, om mense gelukkig te maak en hul gedagtes oor dans te verander. Terwyl hy deur Ghana gereis het, het hy gesoek vir jong, kreatiewe dansers soos Hubert om by die dansskool aan te sluit.





## Lees 1

**Wat was Laud se bynaam nadat hy ’n video op sosiale media gelaai het?**
Hy is “Dansende Superster Lloyd” genoem.

**Wie was Hubert?**
- Hubert was ’n student by DWP.
- Hubert was ’n danser wat Laud op Instagram gesien het.

**Hoekom het Laud besluit om DWP te open?**
- Omdat hy ander jong Ghanese wou help om dansers te word.
- Omdat hy die gevoel rondom dans wou verander.
- Omdat hy ander jong Ghanese wou leer dans.
- Omdat dit hom gehelp het om sy doelwit te bereik om mense se gevoel rondom dans te verander.



## Lees 2

**Wat was die naam van die skool wat Lloyd oopgemaak het?**
Dit is “Dance with a Purpose Academy” genoem (DWP in kort).

**Wat is jou gevoel oor dans? (Wat dink jy daarvan om ’n danser te word?)**
My gevoel oor dans is ...

**Hoekom wou Laud mense se gevoel oor dans verander?**
- Omdat hy wou hê dat jongmense moet kan droom om dansers te word.
- Omdat mense dit vir hom moeilik gemaak het toe hy jonk was. Hy wou hê dit moet makliker wees vir ander mense.
- Omdat hy mal was oor dans en hy wou hê ander mense moet sien hoe belangrik dans is.
- Omdat hy wou hê dat jongmense hul drome om ook dansers te word, moet kan nastreef.



VERHAAL 6

# MUSA MOTHA: 'N SPESIALE DANSER

Tema: Ons dans





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n nie-fiksieverhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal jou leerders help om te verstaan hoe veerkragtigheid, kreatiwiteit en vasberadenheid mense kan help om uitdagings te oorkom en hul drome te verwesenlik.



## Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



## 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Mense het drome wat met tyd kan verander. Mense kan verskillende drome hê wanneer hulle jonk is en soms verander daardie drome as gevolg van lewenservaring.
- Soms kan mense baie siek word of seerkry en dan help dokters hulle deur toetse op hulle te doen en behandeling toe te pas. Sommige siektes kan jou liggaam se funksie beïnvloed.
- Mense met gestremdhede kan hulpmiddels en aanpassings gebruik om te beweeg en aan aktiwiteite deel te neem. Sommige mense gebruik hulpmiddels soos krukke of rolstoele. Ander pas aan by hul omstandighede en neem steeds ten volle aan aktiwiteite deel. Nog ander verander die manier waarop hulle aktiwiteite doen sodat hulle ook ten volle kan deelneem.
- Mense met verskillende fisiese vermoëns kan wonderlike dinge doen om hulle doelwitte te bereik en ander deur hulle talente te inspireer.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 65,2 | Musa moes die moeilike besluit neem om sy been te laat amputeer om te keer dat die kanker verder versprei. | Kom ek stop en evalueer Musa se karakter: Ek dink Musa is dapper en vasberade, omdat hy ’n baie moeilike besluit neem om sy lewe te red, selfs al verander dit sy toekoms. |
| 69,1 | Hy het besef om ’n danser met een been te wees moet jy swaartekrag uitdaag met krag en balans. Tydens sy opleiding het hy daarop gefokus om ’n positiewe verhouding met swaartekrag te bou. | Kom ek stop en evalueer Musa se karakter. Ek dink Musa is besonders vasberade en hardwerkend, omdat hy nie opgee nie. Hy pas aan en hou aan verbeter, ten spyte van die uitdagings. |

Hierdie is die storie van Musa Motha, ’n ongelooflike Suid-Afrikaanse danser!



Toe Musa nog baie jonk was, het hy nooit gedink hy gaan 'n danser word nie. Sy droom was om 'n uitstekende sokkerspeler te word. Hy was mal daaroor om op die veld te hardloop terwyl hy die sokkerbal skop en dribbel.

Maar, een dag, toe Musa 9 jaar oud was, het iemand sy knie tydens 'n sokkerwedstryd raakgeskop. Vir weke na die besering het sy knie elke aand opgeswel. Sy ouers het besef dat dit nie 'n gewone kniebesering was nie en het besluit om hom hospitaal toe te neem.



Vir ses maande lank kon niemand uitvind wat met Musa se knie verkeerd was nie. Hy is van die een hospitaal na die volgende. En hy is van die een dokter na die volgende. Hulle het die een toets na die ander gedoen, maar kon nie uitvind waarom Musa se knie so opswel nie.

Uiteindelik het een van Musa se dokters besluit om 'n prosedure te doen wat 'n biopsie genoem word. Toe die resultate terugkom, het dit gewys dat Musa Osteosarkoom het - 'n tipe kanker wat 'n mens se bene aantas. Musa se ouers moes die moeilike besluit neem om sy been te laat amputeer om te keer dat die kanker verder versprei.




Die amputasie het beteken dat Musa nou kankervry was, maar dit het ook beteken dat sy drome om ’n sokkerster te word, nou iets van die verlede was. Hy kon nie meer op die veld hardloop of die bal dribbel en skop nie. Musa het besluit om te fokus op al die dinge wat ’n gestremde lyf wel kan doen.



’n Organisasie bekend as Reik na ’n droom (“Reach for a dream”), wat kinders help wat lewensgevaarlike siektes het, het vir Musa ’n musieksentrum gekoop. Musa het baie van musiek begin hou. Deur sy liefde vir musiek het Musa besef dat daar ook ander maniere is waarop hy sy lyf kan beweeg. Hy het begin oefen om te dans.



In 2017 het Musa ’n oudisie gedoen vir die Vuyani Dansgeselskap. Hy is aanvaar omdat hy uitstekende dansvaardighede gehad het en omdat hy ’n unieke styl na die verhoog kon bring.



Tydens Musa se opleiding by die Vuyani Dansgeselskap was hy die enigste gestremde danser. Tog het Musa die uitdaging aanvaar. Hy het besef om ’n danser met een been te wees moet jy swaartekrag uitdaag met krag en balans. Tydens sy opleiding het hy daarop gefokus om ’n positiewe verhouding met swaartekrag te bou.



Na sy opleiding het Musa een van die hoof-dansers in die Vuyani Dansgeselskap geword. Maar Musa moes steeds elke dag baie hard werk. Dit was nie altyd maklik om dansroetines te skryf wat by Musa se dansstyl pas nie. Musa moes help om dansroetines, wat geskik was vir gesonde lywe, te omskep in danse wat vir sy lyf werk.




As Musa op groot verhoë opgetree het, het die meeste gehore nog nie voorheen ’n professionele danser op krukke gesien nie. Na optredes was mense verwonderd en geïnspireerd deur die prag en grasie van sy danse.

Musa inspireer sy gehoor om te dink oor mense met spesiale vermoëns. Sy prestasies op die verhoog verbreed mense se insig en breek vooroordele af oor wat moontlik is. Hy wys mense dat ’n gestremde lyf steeds sterk en pragtig is.



Deur sy dansery wil Musa Motha wys dat niks onmoontlik is nie. Soms werk Musa so hard dat sy hele lyf pyn, maar hy vind steeds die krag om op te staan en voort te gaan met sy dansery.





Lees 1

**Hoe oud was Musa toe hy kanker gekry het?**
Hy was nege jaar oud.

**Wat het Musa besluit om te doen in plaas van sokker speel?**
Hy het besluit om 'n danser te word.

**Hoekom het Musa Motha 'n danser geword?**
- Omdat hy nie meer kon sokker speel nie.
- Omdat hy baie lief vir musiek geword het.
- Omdat musiek hom help besef het dat daar ander maniere was waarop hy sy lyf kon beweeg.
- Omdat hy wou fokus op al die dinge wat sy lyf kan doen.
- Omdat hy geoefen en geoefen het totdat hy by die Vuyani Dansgeselskap aanvaar is.



Lees 2

**Voel jy geïnspireerd deur Musa Motha? Verduidelik.**
Ek voel geïnspireerd deur Musa Motha, want ...

**Hoe is Musa anders as ander dansers?**
Hy is anders as ander dansers, want hy het net een been.

**Hoekom kan ons sê dat Musa Motha 'n vasberade persoon is?**
- Omdat hy iets gevind het om te doen nadat sy been geamputeer is.
- Omdat hy teleurgesteld moes wees dat hy nie meer kan sokker speel nie, maar toe besluit het om iets anders te kry om te doen.
- Omdat hy gefokus het op dinge wat sy lyf wel kan doen.
- Omdat hy hard gewerk het om 'n danser te word.
- Omdat dit moeiliker is vir iemand om met een been te dans, moes Musa ekstra hard werk, maar hy probeer alles!
- Omdat Musa 'n hoofdanser is, moes hy baie hard werk om een van die beste dansers te word.
- Omdat mense soms nare dinge kan dink oor mense wat gestremd is, maar Musa het nie toegelaat dat hierdie gedagtes hom keer om 'n uitstekende danser te word nie.
- Omdat Musa gehelp het om danse by sy dansstyl aan te pas.

Musa Motha: https://youtu.be/0E4COuKljAM



VERHAAL 7

# DOLFYNE TOT DIE REDDING

Tema: Ons kry hulp





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n faksie-verhaal.
- Dit speel in die onlangse verlede af.
- Dit vind plaas in Kalifornië, VSA.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat hulp soms van onverwagte plekke kan kom, en dat dit belangrik is om nooit moed te verloor nie.



## Begripstrategie: Visualiseer

- Wat is dit: Om ’n denkbeeldige prentjie te vorm van wat in die verhaal gebeur.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal meer werklik en interessant te laat voel.
- Hoe dit help: Dit help jou om te verstaan hoe die karakters en plekke lyk en maak die verhaal lewendiger.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel


- Dolfyne is soogdiere, wat beteken dat hulle aan dieselfde groep as mense en honde behoort. Hulle is nie visse nie. Dolfyne asem lug in met longe, net soos ons. Hulle kan nie onder water asemhaal soos visse nie en moet daarom gereeld na die oppervlak kom om asem te haal.
- Dolfyne is van die vriendelikste en slimste diere in die oseaan. Daar is baie verhale van dolfyne wat mense teen haaie beskerm. Hulle doen dit deur in sirkels om die persoon te swem.
- Branderplankry is ’n sport en ’n manier om die oseaan te geniet. Branderplankry is ’n sport waar ’n persoon op ’n spesiale plank staan of lê en op die golwe van die see ry. Branderplankryers gebruik hul balans en vaardigheid om op die plank te bly terwyl die golwe na die kus beweeg.
- Daar word elke jaar gemiddeld 15-30 branderplankryers deur haaie aangeval. Die meeste aanvalle vind in die Verenigde State plaas, gevolg deur Australië en dan Suid-Afrika.




Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 81,1 | Skielik het iets Todd se branderplank van onder af gestamp! Todd en sy branderplank het vyf meter hoog in die lug in geskiet. Toe hy weer in die water land, het Todd paniekerig gevoel. “Hier moet ’n haai naby wees!” het hy gedink. Sy hart het vinnig geklop. | Hierdie moet baie angswekkend wees vir Todd. Ek kan my voorstel hoe geskok Todd lyk wanneer hy in die lug ingegooi word. |
| 84,1 | Die haai het Todd se been gebyt – asof hy dit heel wou insluk! Todd het sy ander been gebruik om die haai so hard as wat hy kon te skop. Die haai het styf aan sy been vasgehou. | Ek kan my voorstel hoe Todd beweeg en skop om die haai te probeer wegskop. Hy moet bang wees dat die haai sy hele been gaan afbyt! |


Hierdie storie is gebaseer op die ware verhaal van 'n beroepsbranderplankryer met die naam Todd Endris. Die verhaal speel af in Montereybaai, Kalifornië in die Verenigde State.



Een mistige oggend in Augustus, het Todd op die strand gestap. Hy het sy duikpak opgerits en sy branderplank opgetel, net soos hy elke oggend gedoen het. Toe hy in die water gegaan het, het hy ses pragtige dolfyne gesien wat in die golwe gespeel het. Wat ’n pragtige gesig, het hy gedink. Hy het vir ’n oomblik gestop om hulle te bewonder.



Todd het op sy branderplank geklim en geroei tot waar die branders gebreek het. Hy het ’n groot brander gevang en toe het hy teruggeroei om nog een te vang, net soos hy elke dag gemaak het. Wat ’n heerlike dag om branders te ry, het Todd gedink. “Maak gou!” het hy sy vriend, Brian, wat besig was om sy duikpak op die strand aan te trek, geroep.



Todd het in die water, agter die branders, op sy branderplank gelê terwyl hy vir Brian gewag het om by hom aan te sluit.



Skielik het iets Todd se branderplank van onder af gestamp! Todd en sy branderplank het vyf meter hoog in die lug in geskiet. Toe hy weer in die water land, het Todd paniekerig gevoel. “Hier moet ’n haai naby wees!” het hy gegil. Sy hart het vinnig geklop.



Todd het waansinnig aan sy leitou getrek om te probeer om sy branderplank na hom toe te trek. Hy het op sy branderplank geklim en so vinnig as moontlik probeer om strand toe te roei. Soos hy geroei het, het hy die water vir vinne dopgehou.




Net toe word Todd weer getref, selfs harder. Toe Todd vir 'n tweede keer in die water land, het 'n grootwithaai sy tande in sy rug gesteek. Die water was vol bloed.

Die haai het Todd vorentoe en agtertoe, op en af, geskud. Toe hy uit die water opgekom het, het Todd geskreeu en gegil, "Help! Help my!" Toe die haai hom onder die water ingetrek het, het Todd die haai herhaaldelik op sy neus geslaan, sodat die haai hom sou laat gaan.



Die haai het Todd se rug laat gaan, maar net vir 'n sekonde. Die haai het Todd se been gebyt – asof hy dit heel wou insluk! Todd het sy ander been gebruik om die haai so hard as wat hy kon te skop. Die haai het styf aan sy been vasgehou.



Daar was so 'n gespartel dat Todd nie die dolfyne wat om hom geswem en oor sy kop gespring het, raakgesien het nie. Hy het net gevoel hoe die haai sy been laat gaan. Todd het probeer om op die water te dryf. Hy het sy branderplank gesoek terwyl hy homself voorberei het vir die derde hap.



Terwyl Todd na sy branderplank gesoek het, het hy besef dat die ses pragtige dolfyne hom omring het. Hulle het hulle stertvinne teen die water geklap om die haai weg te jaag. Todd kon uiteindelik sy branderplank gryp en homself nader trek.



Toe het Todd Brian se stem gehoor. “Maak gou! Klim op jou branderplank!” het Brian geskreeu. Die water om hom was voel bloed. Brian het Todd strand toe getrek terwyl hy aanhoudend vir vinne in die water uitgekyk het.

“Bel vir hulp!” het Brian vir die mense op die strand geskreeu.



Todd het uiteindelik gevoel hoe sy branderplank sand tref. Hy was terug op die strand.

"Dit was amper! Jy gaan oukei wees!" het Brian gesê. Todd kon nie glo dat die spelerige dolfyne sy lewe gered het nie.





Lees 1

**Waar het die haai Todd gebyt?**
Die haai het hom eers op sy rug en toe aan sy been gebyt.

**Wie het Todd van die haai gered?**
Die spelerige dolfyne het Todd gered deur die haai weg te jaag.

**Hoekom is die storie so vreesaanjaend?**
- Omdat daar 'n haai in die storie is, want haaie is vreesaanjaend.
- Omdat Todd deur 'n haai gebyt word en daar bloed in die water is.
- Omdat Todd alleen is wanneer hy gebyt word.
- Omdat die haai hom op meer as een plek gebyt het – die haai kom die heeltyd terug.
- Omdat ons eers aan die einde van die storie kan agterkom of Todd die haai-aanval gaan oorleef en of die haai hom gaan doodmaak.



Lees 2

**Wanneer het Brian in die water gegaan om Todd te help?**
Hy het Todd gaan help nadat die dolfyne die haai weggejaag het.

**Visualiseer die haai-aanval in die storie. Wat is vir jou die mees vreesaanjaende deel?**
Ek dink die mees vreesaanjaende deel is toe ...


**Hoekom het Todd se vriend Brian hom nie kom red nie?**
- Omdat hy gedink het hy gaan ook deur die haai aangeval word.
- Omdat die aanval in die water gebeur het en dit moeilik was om te sien wat gebeur.
- Omdat dit moeilik sou wees om Todd in die bloederige water te vind.
- Omdat 'n grootwithaai baie groot is en hy maklik twee mense kan aanval.
- Miskien omdat Brian te bang was om in die water in te gaan toe hy die haai sien.



VERHAAL 8

# MUNENE KRY HULP

Tema: Ons kry hulp



---



## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat dit baie moeilik is om 'n geliefde se dood te verwerk. Dit is belangrik om geduldig te wees met mense wat hartseer is en rou, en soms is professionele hulp nodig.



## 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Dit is baie belangrik om kinders te help wat oor die verlies van 'n ouer, grootouer of ander versorger rou.
- Jy kan verwag dat die kind hom-/haarself soms gaan wangedra of anders optree as wat jy verwag. Probeer om aan die kind geleenthede te bied om hul gevoelens uit te druk, deur daaroor te praat, prentjies te teken, te skryf, of selfs fisiese aktiwiteite te doen soos om iets te slaan.
- Maak seker die roetines bly steeds dieselfde. Roetine is die beste manier om aan kinders 'n sin van sekuriteit te bied.
- Dit is laastens belangrik om baie geduldig te wees met 'n kind wat rou. Laat hulle toe om teen hulle eie tempo hulle gevoelens te verwerk en te rou.



## Begripstrategie: Maak afleidings


- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 94,4 | Hy mis die geluid van sy ouma se harde, diep lag die meeste. Munene wil die hele dag slaap. Hy voel te moeg om uit die bed op te staan. | Ek kan aflei dat Munene nie lekker voel nie, omdat hy die hele dag in die bed wil bly. |
| 97,1 | “Ek het jou gunstelingkos vir aandete gemaak!” sê tannie Jessica, en sy gee vir Munene ’n geroosterde kaasbroodjie. “Dankie, maar ek is nie honger nie,” sê Munene, en stoot sy bord weg. | Ek kan aflei dat Munene nie lekker voel nie, omdat hy niks wil eet nie – nie eers sy gunstelingkos nie! |

Na Munene se ouma oorlede is, het hy by sy tannie Jessica in Mamelodi gaan woon – ver weg van sy huis in Xigalo.



Toe hy by tannie Jessica se huis aankom, voel niks reg nie. Die huis voel groot en leeg.

Hy mis die klank van die voëls se getijrp buite sy venster in die oggend.

Hy mis die geluid wat die ou deur gemaak het as dit oop- en toegemaak word.

Hy mis die geluid van sy ouma se harde, diep lag die meeste. Munene wil die hele dag slaap. Hy voel te moeg om uit die bed op te staan.



Toe hy by sy nuwe klaskamer kom, voel niks reg nie. Die klaskamer voel donker en koud.

Hy mis die klank van die koeie se klokke buite die venster gedurende die skooldag.

Hy mis die klank wat die bordkryt op die swartbord maak.

Hy mis die wete dat sy ouma by die huis is, net ’n klein entjie weg, die meeste.

Om aan skool te dink laat Munene se maag pyn. Elke oggend vertel hy vir tannie Jessica dat hy te siek is om skool toe te gaan.



Tannie Jessica kan sien iets is nie reg nie. Sy probeer Munene help om by sy nuwe omgewing aan te pas.

"Kom saam met my na die bure se huis. Bokang is nege jaar oud – net soos jy!" stel sy voor, maar Munene voel nie lus om nuwe mense te ontmoet nie.



“Ek het jou gunstelingkos vir aandete gemaak!” sê tannie Jessica, en sy gee vir Munene ’n geroosterde kaasbroodjie.

“Dankie, maar ek is nie honger nie,” sê Munene, en stoot sy bord weg.



Saans hoor tannie Jessica hoe Munene saggies in sy kussing huil.

“Het jy ’n drukkie nodig?” vra sy saggies, maar Munene wil nie ’n drukkie van enigiemand anders as sy ouma hê nie.



Tannie Jessica gee Munene tyd om gewoond te raak aan dinge, maar na ’n paar weke voel dinge steeds nie reg nie.

“Munene, ek is bekommerd oor jou. Ek dink jy is depressief. Jy is gekonfronteer met die dood van die mens vir wie jy die liefste was. Jy het reg oor die land getrek – weg van jou huis en vriende af. Ek dink jy het hulp nodig om jou beter te laat voel,” sê sy.

Munene sit vir ’n rukkie doodstil. “Beteken dit daar is iets fout met my?” vra Munene benoud.

“Nee, glad nie,” sê tannie Jessica. “Ek weet daar is ’n negatiewe stigma daaraan om ’n sielkundige te gaan sien, maar dit is nie iets om oor skaam te wees nie. As jou lyf siek voel, is jy nie skaam om dokter toe te gaan nie. As jou gees en emosies siek voel, moet jy nie skaam wees om ’n sielkundige te gaan sien nie. Ek sien gereeld ’n sielkundige om te help om my kalm en gelukkig te laat voel,” verseker sy hom.

’n Paar dae later neem tannie Jessica vir Munene na ’n spesiale kliniek. Hulle wag in die wagkamer.


Toe Munene se naam geroep word, voel hy bang. “Moenie bekommerd wees nie, ek wag hier vir jou,” verseker tannie Jessica hom en vryf sy rug.



Munene stap by ’n klein, helder kantoor in. Hy gaan sit op ’n sagte, gemaklike stoel.

“Ek is Zain,” sê die sielkundige wat oorkant hom sit. “Kom ons praat oor hoe jy voel.”


“Wel, ek voel … ,” begin Munene.



Toe die afspraak verby is, neem Munene ’n diep asemteug en stap terug na die wagkamer.

“So?” vra tannie Jessica versigtig. “Hoe was dit?”

“Wel, ek weet nie of ek klaar beter voel nie …” sê Munene, “maar ek dink ek wil volgende week terugkom. Ek hou van sielkundige Zain – ek dink om met hom te praat kan help.” Tannie Jessica druk Munene se hand en glimlag.





Lees 1

**Wie het Munene gemis?**
Munene het sy ouma gemis.

**Waar het Munene saam met sy ouma gewoon?**
Munene en sy ouma het in Xigalo gewoon.

**Hoekom was Munene se tannie Jessica bekommerd oor hom?**
- Sy was bekommerd, omdat hy nie uit die bed wou opstaan nie.
- Munene wou nie skool toe gaan nie.
- Munene wou nie nuwe mense ontmoet nie.
- Munene wou nie sy gunstelingkos eet nie.
- Omdat sy alles probeer het om Munene beter te laat voel, maar dit het gelyk of niks wil help nie.



Lees 2

**Hoekom het Munene Mamelodi toe getrek?**
Hy moes Mamelodi toe trek om by sy tannie Jessica te gaan woon, nadat sy ouma oorlede is.

**Wat is Munene se gunstelingkos?**
Munene se gunstelingkos is 'n geroosterde kaasbroodjie.

**Hoe het tannie Jessica afgelei dat Munene dalk depressief mag wees?**
- Omdat hy die heeldag wou slaap. Hy wou nie uit die bed opstaan nie.
- Omdat hy elke dag maagpyn gehad het; hy wou nie skool toe gaan nie.
- Omdat hy nie nuwe mense wou ontmoet nie.
- Omdat hy nie wou eet nie – selfs al was dit sy gunstelingkos.
- Omdat tannie Jessica elke aand vir Munene hoor huil het.
- Omdat Munene se ouma oorlede is.
- Omdat Munene na 'n nuwe plek moes trek – alles het vir hom verander!





NHLRP National Home Language Reading Programme